Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, October 27, 2022
Page: 27



Die verskil tussen skenk en erf

Ek kry die vraag gereeld: Wat is beter – om nou bates aan my kinders te skenk, of om dit in my testament aan hulle te bemaak? Ek weet wat die kinders gaan bly maak. Wie wil wag vir erfgeld as jy dit nou as geskenk kan kry? Maar daar is meer dinge om in gedagte te hou.

Die besluit oor wanneer om bates aan kinders te skenk of te bemaak, is gewoonlik aan belasting gekoppel, veral boedelbelasting. Geskenkebelasting is egter ook ter sake. Een van hulle gaan jou kry.

As jy skenk, kom geskenkebelasting ter sprake, en as jy bemaak, moet boedelbelasting in berekening gebring word. Albei teen 20%.

Terloops, sedert 1 Maart 2018 is boedelbelasting 25% op die bedrag bo R30 miljoen. Maar ons hou vandag by boedels van minder as dit.

Die kort antwoord? As dit suiwer gaan oor die bedrag geld wat ter sake is, kan dit goedkoper wees om te skenk as om die kind te laat erf.

Dit gaan oor die manier waarop die berekening gedoen word. Byvoorbeeld, op 'n bedrag van R1 miljoen vir die kind sal jy 20% geskenkebelasting betaal as jy dit skenk. As jy hom of haar dieselfde bedrag wil laat erf, gaan jy 25% aan belasting afstaan.

Dit werk as volg: Om R1 000 000 te skenk, moet jy by R1 200 000 begin, want jy moet Jan Taks 20% van die skenkingsbedrag (R1 miljoen) gee, en dit is R200 000 (ons neem aan jy het reeds jou jaarlikse kwytskelding van R100 000 gebruik). As jy wil hê hy of sy moet R1 000 000 erf, moet jy met R1 250 000 begin, want daar moet eers 20% aan Jan Taks betaal word (20% x R1 250 000) om die R1 000 000 by Jan of San te kry. Jy staan dus effektief 25% aan belasting af.

Met boedelbelasting betaal jy belasting op die boedelwaarde, nie op die bedrag wat die erfgenaam uiteindelik kry nie. Hy of sy kan net kry wat oorbly ná belasting. Met 'n skenking betaal jy belasting op die skenkingsbedrag as sodanig.

ANDER OORWEGINGS

Daar is natuurlik veel meer om in gedagte te hou. Met geskenkebelasting het jy 'n jaarlikse kwytskelding van R100 000 (dit styg tot R300 000 by dood). Met boedelbelasting is daar 'n korting van R3,5 miljoen. As die bemaking dus binne die boedelwaarde van R3,5 miljoen val, is geen boedelbelasting betaalbaar nie.

Die verdere belangrike punt is dat bates wat in lewe aan 'n kind geskenk is, dan in die kind se boedel is. Dit is nie meer joune nie.

Wat gebeur nou as die kind skei? Is jy gemaklik dat jou skoondogter of skoonseun met jou bates sit? Daar is maniere om daar rondom te kom, maar dit verg beplanning.

Of wat gebeur as jou kind voor jou sterf? Mense gaan nie noodwendig in ouderdomsvolgorde dood nie. Dan kan jou skoonseun of skoondogter met alles sit.

Om nou al te skenk, kan jou regstreeks raak en op die lang duur dalk 'n kortsigtige besluit blyk te wees.

Wat as jy op jou oudag skielik geld nodig het vir onvoorsiene uitgawes, byvoorbeeld mediese uitgawes of versorging as verswakte bejaarde, maar jou kind sit met jou geld? Gaan jy uitreik na jou kinders om jou te onderhou?

Dit is maar enkele haakplekke wat betref skenk teenoor bemaak, en met boedelbeplanning in die algemeen. Daar is talle ander. Dink voor jy doen. En kry kundige finansiële raad. **LBW**

Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac.

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen,
e-pos: **nico@finlac.com**,
Twitter: **@Nicovangijsen**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.